

28 Oktober

2 Korintiërs 5:11-21 (5:14,15)

Nie meer vir onself nie, maar vir Christus

Waarvoor leef ons? Wat dryf ons? Geld, status, aansien. In sekere gevalle is dit inderdaad goeie motiveerders? Of is u dalk ook een van die wat altyd gedwing moet word om vir die Here te leef terwyl die drang by u ontbreek? Waarom 'n godsdienstige reaksie net wanneer jy kwansuis behoefte het?

Paulus, grootste sendeling van alle tye, was 'n begaafde man. Maar wat het daar agter gesit dat hy, wat seker 'n duisend ander moontlikhede gehad het om 'n man van aansien te word, om sy lewe nuttig deur te bring - wat het hom gedwing om 'n lewe te kies van absolute opoffering, waar hy teen die grootste vyandskap in en met die grootste ontberinge die wêreld ingetrek het en alles ontbeer het wat 'n mens eintlik in 'n normale rustige lewe graag sou wou hê? Geen kind of vrou of huis nie, niks nie, maar hy was bereid om alles te gee vir hierdie één geweldige saak wat hom gedring het. Wat sit daar agter?

Die oomblik toe die liefde van Christus in sy lewe ingekom het, het alle ander dinge eenvoudig vir hom verbleek voor die glans van hierdie één saak - die liefde van Christus het hom gedring. Daarom leef hy nie meer vir homself nie, maar vir Christus. Wanneer die liefde van Christus 'n mens dring, dan weet jy jy is nie meer dieselfde nie. Onrustigheid dryf jou - die Heilige Gees! Dan raak jy aktief: Jy lewe vir Christus! Dis 'n hartsaak en nie bloot 'n lippebelydenis nie. Dink deeglik daaroor na en oorweeg dit goed.

Sing: Psalm 100:1

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)